# *ELJADA HUIS MSW*

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

31 Oktober 2013

Dagsê Almal

Ek dank ons Skepper uit eerbied vir al die seëninge wat hierdie week weereens oor ons gereën het asook vir die heerlike reën. Die gras hier by die huis het binne 3 weke van vaalgrys na welige groen verander en ek staan in verwondering oor die Almag van GOD. Om volgens my oordeel die dooie gras na so iets mooi te verander – hoeveel te meer nie ook ons harte en lewens as ons ons vertroue volkome in hom sal stel nie. **Dankie Vader.**

Die geskarrel gaan steeds voort ter voorbereiding van Saterdag se mark. Ons was baie bevoorreg om my vriendin Maatje hier te kon hê om vir ons 'n vinnige les in die maak van onbeskryflike lekker vetkoek te gee. Sy is die hoof huishoudkundige by Anchor Yeast en gaan rond by die skole om die graad 12's bietjie touwys te maak oor bakwerk maar veral met die regte gebruik van organiese gis. Sy gaan ons weer later kom besoek en leer beskuit bak. Al hierdie dinge vorm deel van die werkskeppingsgeleenthede waarmee ons besig is. Hoop julle is almal Saterdag daar om vetkoek te kom proe.

So gepraat van werkskepping. Die volgende fase van die bouwerk kan nou begin en ek benodig weer R10 000 om stene aan te koop. Sodra die dak opgesit is by die buitevertrekke (stoor en oopplan eetvertrek) asook die plaveisel gedoen is gaan die stene gebruik word om die stoep voor te verleng sodat ek meer ruimte vir die naaldwerk kan skep. Tans het ek 6 werkende naaimasjiene in een kamer en daar is geen ruimte vir die bêre van die knielkussings of ander klaargemaakte items nie. Indien u dalk 'n naaimasjien en/of omkapmasjien het om te skenk sal ek baie dankbaar wees. Ek wil graag vir die vroue masjiene gee om ook tuis te gaan werk.

Ek het ook 'n werkie vir die mans – die herstel (nuwe baadjie) van ou strykplanke teen slegs R50. Bring gerus vir ons. Dit hou die manne uit die kwaad uit.

Ek het spaarblikkies wat ek graag wil gebruik om fondse in te samel vir ons kinders se skoolgeld, klere en skryfbehoeftes vir 2014. Ek gaan van hulle by die mark beskikbaar hê. Weereens 'n uitdaging vir die kinders om ander kinders te help.

Sien julle Saterdag

Annatjie

'n Kort lysie van dringende behoeftes en ***BAIE DANKIE*** vir die items wat ek ontvang het:

- Eljada Huis – tuinstoele en voedselverwerker/menger, waaiers, alle soorte bottels, appelbokse, skoendose, roomys en margarien bakkies, los kaste en tafels.
- Ivon – Waaier en yskas
- Sonja – Waaier
- Margaret – Enkelbed en yskas
- Marie – Los stoele vir kombuistafel, los matte, yskas
- Hettie – Yskas en enkelbed matras.
- Petro – R2400 vir haar tande.

****************************************************

Ons KOSNOOD is en bly maar 'n konstante;

- AANMAAK KOELDRANK
- KOS – Blikkies vleis, vis en groente, soja, rys, macaroni en spaghetti, koffie, tee, boksmelk, suiker, broodsmere soos margarien, konfyt, stroop, grondboontjie botter, bovril, kookolie, kitsontbytkos en eiers.
- Toiletware – toiletpapier, badseep, sjampoe, aanrol en spuitgoed.

---

**Bankbesonderhede**

**Eljada Huis, Standard Bank, Montana, Marketlink spaar, 044396058, kode 051001**